# KOERSVAS

Jaargang 8 Uitgawe 175 14 Februarie 2020




In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings

## REDAKSIONEEL

### Ses van die beste

Tydens ons Ouderlinge se vergadering het die onderwyskrisis aan die orde gekom. In die besonder is die gebrek aan dissipline en die gepaardgaande chaos en disrespek by skole onder die loep geneem. Die GHG se predikante sal goed doen om tydens die predikanteberaad aan hierdie saak aandag te gee met die opstel van die voorgestelde herderlike skrywe.

Vir die huidige is daar sekere opmerkings wat gemaak moet word. Die gebrek aan dissipline by die meeste skole, veral in die stedelike gebiede, is rede tot groot kommer, nie net omdat dit 'n nadelige impak het op die opvoeding van ons kinders nie. Die uitkringende gevolge van vandag se rebelsheid gaan lei tot 'n oes van smart, rampe en trane. Die krisis mag nie net in isolasie gesien word nie; die gevolge die toekoms in moet antisipeer word. Net soos die klip nie net in die dam plons nie, maar groter wordende rimpels maak, net so moet vandag se afjak in môre se aanrand gesien word.

Eers sekere opmerkings oor die bronne en redes:

Selfs na alles gesê is, kan ons nie anders nie as om terug te beweeg na die eintlike bron, die ware oorsprong van hierdie boewery. Die gesin, dalk eerder die verbrokkeling van die gesin, lê aan die wortel van die gifappel boom van wangedrag. Hierdie verbrokkeling neem verskillende vorme aan. Daar is die werklik fisiese hartseer van enkelouer gesinne, van meet af weens egbreuk en die gepaardgaande geboorte van kinders sonder dat die pa ooit teenwoordig is, of dat die ma eens trou oorweeg. Die hartseer van enkelouer gesinne is ook die produk van egskeiding en die versplintering van families. Die onsigbare verbrokkeling van gesinne is net so traumaties. Afwesige ouers, gebroke verhoudings, ouers wat hulle taak en plig abdikeer het. Ouerskap is meer as net 'n biologiese prestasie. Die feit dat ouers moedeloos by die skool arriveer en dan die onderwysers taak met die opvoeding van 'n rebelse kind, is sprekend van onsuksesvolle ouerskap. Die kerk het 'n rol hier te speel in terme van die koestering van die huwelik en die begeleiding van ouers. Daar is ander faktore wat inspeel op die problematiek. Ons omstandighede word moeilik gemaak deur die gees van die tyd en die massa-inkoop op die verskraling van menswees. Wat bedoel ek hiermee?

Die filosofie van die dag het 'n impak op baie formele aspekte van die inrig van ons samelewing in terme van wetgewing, die rol van die regering en die ideologie van

menswaardigheid. Daar is verskeie ideologieë wat inspeel op ons self-verstaan. Die ideologie van evolusie mislei mense om te dink dat elke nuwe geslag 'n beter geslag is as die vorige. Die post-modernisme maak die absolute uitspraak dat daar geen objektiewe waarheid is nie. Die ideologie wat die kultuur van menseregte aanvuur, lei tot die verskraling van ons verstaan van menswees. Die sosialistiese grondslag van denke in groot dele van die wêreld maak "die regering" die een met absolute mag en beheer oor amper alle aspekte van ons lewens. Wetgewing rakende lyfstraf is simptomaties van die regering wat alles wil beheer. Die verbruikers mentaliteit maak dat kinders hulle ouers sien as gebruiksitems wat by die polisie aangekla kan word wanneer die produk nie na wense optree nie. Die denksisteem wat polities-korrek klem lê op menswaardigheid, verskraal menswees op verskillende vlakke. In terme van die huidige gesprek, is dit belangrik om daarop te dui dat nie alle mense dieselfde "bedraad" is nie. Daar is kinders vir wie jy net skeef hoef te kyk en die trane vloei oor die wange. Daar is kinders wat meer op die fisiese ingestel is en hulle oorkanale word deur Pietsie oopgemaak.

Die feit dat die sisteem onderwysers ontmagtig het, maak dat ander kinders rebels word in die gees van ervaarde onreg; "hoekom kan hulle daarmee wegkom, en ek nie?" Dit is dieselfde denkproses wat maak dat die derde voertuig wat jou links (op die geel streep) verbyhaal, selfs deur 'n tagtigjarige tannie bestuur word. Hierdie gees van ervaarde onreg is gebou op die ongeloof van vandag se bedeling. Ons moet in selfdissipline gehoorsaam wees, ooreenkomstig ons gehoorsaamheid aan God. Die Hoër reg moet ons optrede dikteer, nie die wetteloosheid rondom ons nie. Daar is beslis ander faktore wat ook inspeel op hierdie komplekse probleem.

Ons kan nou kies om moedeloos te wees en boedel oor te gee, of ons kan genesend en proaktief optree. Die plek waar ons moet begin, is in ons eie harte. Dit is waar dat ons land op die afgrond van wetteloosheid staan. Al hoe meer mense kom met al hoe meer weg. Ons ingesteldheid mag nie met die wetteloses konformeer nie. Self-dissipline en wetsgehoorsaamheid begin in elkeen se eie gemoed. Die neiging om by die groep in te val, is so oud soos Israel se aanbidding van die Baälbeeld. Ons is tog beter as dit, of ons weet ten minste beter as dit. Kom ons begin by onsself.

Naas die persoonlike ingesteldheid, is dit belangrik dat ons die gesin weer sal begin koester. Die gesin as kernbousteen van die gemeenskap moet waardeer word vir die sterk eenheid wat dit kan wees. In beide hierdie gevalle (enkeling en gesin) kan en moet die kerk lei en ondersteun. Fokus op die gesin sal ouers kan begelei om elke kind te ken en volgens behoefte te lei. Die krisisse in ons land kan nie almal onmiddellik aangespreek word nie. Begin ons by die kern, kan ons seker maak dat ons mense staande bly, selfs al sou die staatskar oor die afgrond stort.

Dr. Johan Otto Premiermyn

## **PERSVERKLARING VAN DIE GELOOFSBOND VAN HERVORMDE GEMEENTES**

1. Op 11 Junie 2018 het Regter Fourie gelas dat sekere geskilpunte in die saak tussen die NHKA en die Geloofsbond

van Hervormde gemeentes (GHG) afsonderlik bereg moet word.

2. Daarna het die partye ‘n vergadering gehad by die Adjunk Regter-President waartydens gelas is dat die uitruil van dokumente gefinaliseer moet word voordat die saak kan voortgaan.
3. Desnieteenstaande bogenoemde opdrag het die NHKA ‘n datum bekom op die gewone verhoorrol vir 17 Februarie 2020 wat eenvoudig nie ooreengekom was òf ingevolge die Adjunk Regter-President se aanduidings was nie.
4. Die NHKA het hierdie datum voorgehou aan almal, insluitende hulle Algemene Kerkvergadering, as die datum waarop die saak sou voortgaan, welwetende dat die saak nie kon voortgaan op daardie datum nie.
5. Die saak is toe ook deur die NHKA van die rol verwyder vir daardie datum en ‘n datum sal nou eers in die toekoms bepaal kan word wanneer al die relevante dokumentasie deur die NHKA beskikbaar gestel is vir doeleindes van die saak.
6. Op hierdie stadium sukkel die GHG geweldig om relevante dokumentasie uit die NHKA te kry om voor te lê vir doeleindes van die saak. Die NHKA verskaf nie die relevante dokumente nie en maak ook nie die argief beskikbaar vir die Geloofsbond om dan self relevante dokumente te soek nie.
7. Die GHG sou gevolglik ‘n Hofaansoek geloods het teen die NHKA om die relevante dokumentasie wat die NHKA weier om te verskaf, te verskaf. Dit is nie meer nodig nie; aangesien die partye tydens 'n vergadering by die Adjunk Regter-President op 13 Februarie ooreengekom het dat die GHG toegang tot die NHKA se argiewe sal hê.
8. Eers nadat alle relevante dokumentasie deur die partye uitgeruil is, sal ‘n datum toegeken kan word vir die aanhoor van die afsonderlike geskilpunte.
9. Die afsonderlike geskilpunte behels die vraag of ‘n gemeente met meerderheid stem sy eiendom kan oordra aan ‘n ander party of entiteit, of ‘n gemeente homself kan afskei van die kerk en bly voortbestaan as ‘n afsonderlike regspersoon en wat die posisie van lidmate in sulke gemeentes en in die kerk mag wees.
10. In alle gevalle het lidmate van gemeentes met oorweldigende meerderhede gestem om eiendomme van gemeentes te vervreem en een van die geskilpunte draai rondom die proses wat gevolg is in daardie verband.
11. Die NHKA het ook beweer dat seker lidmate se lidmaatskap eenvoudig net opgeskort of opgesê is, sonder dat daar ooit enige prosesse in terme van die kerkorde gevoer is daaromtrent en dit is ook ‘n aspek wat bereg sal moet word.
12. ‘n Verdere vraag is of gemeentes hulle band met die kerk en ander gemeentes kon beëindig en op hulle eie kon voortbestaan.
13. ‘n Datum vir die saak, is op 13 Februarie 2020 bepaal. Die saak kom voor vanaf **26 Oktober 2020. Die saak is vir 3 weke geskeduleer.**

**PREDIKANTEBERAAD 2020**

Kerkrade en gemeentes word aan die volgende herinner: Die jaarlikse Predikante-beraad vind hierdie jaar DV plaas te De Wagensdrift op 1-2 April 2020. U word daarop gewys dat die Bondsvergadering dit

as dwingend noodsaaklik beskou dat predikante die beraad bywoon. Die bestuur het konsensus dat die beraad gebruik sal word om 'n herderlike skrywe te formuleer om gemeentes begeleiding te gee ten aansien van die aanslae teen ons kerk en volk. Gemeentes word uitgenooi om sake van kommer aan die beraad oor te dra vir beraadslaging.

**MAKWASBYEENKOMS**

Emeriti en ander predikante: Dagboek solank 12 September 2020 vir die jaarlikse Makwasbyeenkoms. Die Dorkas gaan op hierdie Saterdag emeriti, hulle gades en ander predikantspare feestelik onthaal.

**GEMEENTE MAKWASSIE.**

Die gemeente Makwassie het in samewerking met gemeente Bloemhof, Ottosdal en Schweizer-Reneke dertig emmers gevul met noodsaaklike kruideniersware en skoonmaak middels. ’n Gesin het twee emmers ontvang, een met kruideniers en een met skoonmaakmiddels. Die emmers is met ope arms in Sutherland ontvang deur Corrie, ’n gemeentelid se suster, en versprei. Daar is ook aan agt babas die nodige doeke en melk formules geskenk. Die terugvoering was oorweldigend, sodanig dat ons met tien gesinne kontak gemaak het en behou.







**KWILT 2020**

Geloofsbonddames Kwilt 2020 Tema: “Nostalgie” Dis tyd om aan die werk te spring om die volgende kwilt te maak. Indien daar van julle is wat nog insette wil lewer, of blokke wil maak, sal dit baie waardeer word.

Laat weet my asseblief indien jy ‘n bydrae (raad of blokke) gaan maak omdat my hande jeuk om te begin. Volgens ons beplanning vra ons:

1. Roomkleurige blokke v 100% katoen - 12 x 12 duim (30cm by 30cm).
2. ‘n Masjiengeborduurde ontwerp van ongeveer 6 x 10 duim met as tema *nostalgie.*
3. Die volgende kleure (saam met ander kleure wat in die ontwerp voorkom) moet asseblief geel, oranje, rooi en groen wees.
4. Borduur asseblief julle kerk (gemeente) se naam in die regterkantste onderste hoek.
5. Blokke moet asseblief op die laatste voor einde Mei 2020 na my, **Alida van Wyk** gestuur word. As ek dit vroeër kan kry sal dit nog beter wees.

My kontakbesonderhede: **083 680 5121**

Lekker werk!

## MEDIAVERKLARINGS:

### 1. CALVINISTIESE ALLIANSIE

Grond-onteiening sonder vergoeding

’n Beginsel-begronde beswaar:

As Christenvolk is ons enigste vertrekpunt die Woord en soewereine gesag van God, as gesaghebbend en normatief vir álle lewensterreine, ons interaksie met ander mense of volke en die verantwoordelike gebruik van (heers oor) die skepping. Dit ís normatief vir elke samelewingsverband waarbinne ons lewe en werk. Dít bepaal ook ons begrip van die ware aard (d.w.s. deur God ingestel, beveel in, of afgelei uit die Woord) van ondermeer gesag, regering, geregtigheid, regverdigheid en rentmeesterskap.

Ons verklaar dus, op gesag van God se Woord, dat:

Die enigste onfeilbare gesag setel in God: Hý alleen bepaal reg en verkeerd (die Wet) en geregtigheid (gehoorsaamheid aan Sy voorskrifte). Dit het God behaag om die in-sonde gevalle mensdom deur menslike owerhede, in volksverband, te regeer, welke owerhede beskik oor God-gegewe gesag, om wette te maak en toe te pas. (dit mag ook binne God se toelatende wil val om vreemde owerhede aan te stel.)

Voorts is elke owerheid gebonde aan die regverdige toepassing van gesag, erkenning van gesagsperke en om ál hulle onderdane regverdig te regeer, óók owerhede wat God se soewereine beskikking ontken of verwerp.

God skenk onder andere eiendom en vermoëns, as gawes, wat ons as rentmeesters van Sý skepping verantwoordelik mag gebruik tot ons lewensonderhoud, maar óók moet bewaar. Hy skenk aan elkeen na Sy soewereine beskikking.

Die agtste gebod beskerm private eiendomsreg deur diefstal te verbied – sonder voorbehoud of uitsondering. Die gesag van die owerheid m.b.t. onder andere privaat eiendom is verder beperk tot die toesien dat goeie onderlinge orde gehandhaaf word – d.w.s. dat eiendomsreg beskerm word.

Dit het God behaag om te bepaal dat die mens sal werk vir sy lewensonderhoud, terwyl ons ons versorging (geestelik én stoflik) steeds van God alléén moet verwag: dit vereis dankbaarheid vir elke gawe, geduld in nood.

Terwyl ons dus moet werk, belowe God om ons te versorg, en skenk Hy aan ons die middele en vermoë, soos, wanneer en hoveel Hy bepaal. Daarom verbied die tiende gebod begeerte van onder andere die eiendom van ander.

Die Woord leer voorts dat begeerte noodwendig die gevalle mens aanleiding gee tot verdere sonde.

Vervalsing van geskiedkundige feite of inligting ís leuens, ’n verbreking van die negende gebod. Indien daardie leuens dien om begeerte en afguns vir ander se eiendom te regverdig, vererger dit die reeds veelvuldige gebodsverbreking.

Daarom, op grond van die beginsels hierbo:

Maak ons beswaar teen enige onteiening sonder vergoeding, wat sal neerkom op diefstal en die ontneming van mense of volksgroepe se lewensonderhoud.

Maak ons beswaar teen enige onteiening van eiendom, indien die rede/s vir onteiening neerkom op toelating van onregverdigbare eise, regverdiging van afguns en begeerte, in weerwil van die bona fide openbare belang.

Maak ons beswaar teen die doelbewuste vervalsing van die geskiedenis om ’n skyn van regverdigheid (of openbare belang) te skep.

Maak ons beswaar van die onverbloemde magsvergryp wat die voorgenome optrede deur die SA-owerheid impliseer, óók teen die deelname van die owerheid aan die vermelde leuens om daardie vergrype te regverdig, bloot ter bevordering van persoonlike mag- en hebsug deur die huidige regeerders.

Ten slotte vermaan ons die owerheid én sy volgelinge, insluitend diegene wat vergrype (uitdruklik of stilswyend) regverdig, om hulle in alle erns te weerhou van leuens, te weerhou van die aanblaas van afguns en begeerte, wat aanleiding gee tot diefstal - sonde wat reeds in die hart opkom, ís reeds ’n oortreding van die Wet.

Wie berouvol in sonde volhard, sál voor die Regter verantwoording doen.

## 2. BOERE-AFRIKANERVOLKSRAAD VERWERP WETSWYSIGING

Die voorsitter van die Boere-Afrikaner-volksraad, mnr Andries Breytenbach, sê in ‘n dokument aan die Parlementêre ad hoc-komitee wat gemoeid is met die wysiging van artikel 25 van die Suid-Afrikaanse grondwet ten einde onteiening van die burgery se eiendom sonder vergoeding moontlik te maak, dat onteiening van eiendom sonder vergoeding ‘n kriminele daad van diefstal is.

Mnr Breytenbach het in ‘n skerp bewoorde voorlegging aan die Parlementêre komitee geskryf dat die wysiging van artikel 25 immoreel, illegitiem en die misbruik van mag is. Hy sê in sy voorlegging dat die voorgestelde wetgewing om artikel 25 van die huidige grondwet te wysig en enige poging om onteiening sonder vergoeding te “wettig”, in sy geheel verwerp word. Die Afrikanervolk sal sodanige wetgewing nie as legitieme wetgewing erken nie, en sal met die middele tot hulle beskikking hulle teen die diefstal van hulle eiendom verweer en sal nie die eienaarskap of besitreg van persone of instansies aan wie sodanig gesteelde eiendom gegee of verkoop word, erken nie Hy sê wanneer die geleentheid en omstandighede daarvoor ontstaan, sal die ontneming van sulke eiendom omgekeer word en sal die eiendom aan hul regmatige eienaars teruggegee word. Die koste van sodanig omkering en skade deur die regmatige eienaars deur sodanige ontneming gely, sal van diegene wat daarvoor verantwoordelik was en/of daaraan meegedoen het, verhaal word. Lede van ’n wetgewende vergadering wat sodanige wetgewing ondersteun, en die president wat dit goedkeur, sal, wanneer die geleentheid en omstandighede hulle daartoe leen,

kollektief en individueel voor die gereg tot verantwoording geroep word, sê mnr Breytenbach.

Kerkrade en gemeentes word aangemoedig om hulle teenstand teen die voorgestelde wysiging van die wet op skrif te stel en aan die owerhede, of organisasies wat veg teen die wysiging, aan te stuur.

section25@parliament.gov.za of
www.onteiening.co.za of
#ONTEIENING SONDER VERGOEDING

### KOSTER

Die Eisbeinfees vind eenkeer per jaar plaas by die Kosterdam. Die groot gebeurtenis en feestelikheid is eintlik op die Saterdag, maar omdat dit so mooi omgewing by die Kosterdam is en daar soveel mooi en gerieflike kampeerplekke is, wou mense sommer die hele naweek daar kampeer. So dit het ontstaan dat ons meer aktiwiteite moes aanbied. Hou gerus die feesprogram dop. Hierdie jaar vind die Eisbeenfees oor die naweek van 3 -4 April 2020 plaas by die Kosterdam. Die gaan dus een groot kuier wees van Vrydag tot Saterdag.







### VERSOEKE UIT DIE WILGE (POTCHEFSTROOM)

Ons hier by Die Wilge-gemeente het dringend 'n bussie in 'n padwaardige toestand nodig om die Geloofsbond studente te kan bedien. Die kerk is 6 km van PUKKE af. Wie kan help? Skakel met ds. Wolmarans.

Stuur asseblief die name en kontak-besonderhede van al julle gemeente se jongmense wat hulle hierdie jaar in Potchefstroom bevind. Ons is gereed om hulle besig te hou.

### Villa Stoney B+B

Oornag in die rustigheid van die Bosveld !
Slegs 5 km van die Zambezi Tolhek
- naby hospitaal en besighede-
Langtermyn akkommodasie ook beskikbaar in gemeubileerde kamers
Etes en wasgoed op afspraak
Ontbyt of kospakkies is altyd ingesluit by **Villa Stoney**

Kontak Ina Steenkamp vir navrae en besprekings 0829082831 auri@mweb.co.za.

**DRUKWERK**

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorie boeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk

**ella@teamworkprinters.com**



2019/2020 Kwilt deur die dames van Vivo/Dendron Maak seker u gemeente het lootjie lyste ontvang. Alle gemeentes word genooi om deel te wees van die jaarlikse projek.